

# Votum

Die Here is my lig en my redder,
vir wie sou ek bang wees?
Die Here is my toevlug,
vir wie sou ek vrees?
Net een ding het ek van die Here gevra
en dit sal ek najaag:
dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon
om sy goedheid te belewe en
daaroor na te dink in sy tempel.
Ek onthou wat U gesê het:
“Julle moet My kom dien!”
Ek is hier om U te dien, Here.
Psalm 27

# Seëngroet

Aan elkeen wat God uitgekies het en deur sy Gees afgesonder het om aan Hom gehoorsaam te wees:

Mag daar vir julle genade en vrede in oorvlod wees

1 Petrus 1:1-2

# VONKK 104:1

**Wat 'n vriend het ons in Jesus –**
**Hy wat in ons plek wil staan.**
**Wat 'n voorreg om gedurig**
**in gebed na Hom te gaan.**
**Hoe verbeur ons soms die vrede,**
**kom ons in vertwyfeling –**
**net omdat ons nie ons swaarkry**
**in gebed na Hom toe bring.**

As versoeking en beproewing,
of as hartseer oor ons kom,
laat ons nooit mismoedig word nie,
maar ons kommer bring na Hom.
Nêrens is ’n vriend getrouer –
Hy wat van ons swaarkry weet.
Jesus staan met ware deernis
altyd tot ons hulp gereed.

VONKK 104:3

**As die sorge van die lewe
of bekommernis ons kwel,
bly die Heer ons beste toevlug –
alles kan ons Hom vertel.
Wanneer ander ons teleurstel,
soek ons in gebed die Heer.
Jesus troos ons met sy liefde,
Hy verstaan ons hart se seer.**



# Hand. 4 vers 23-31

23. Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het. 24. Toe hulle dit hoor, het hulle **almal saam** (eensgesind) tot God gebid en gesê: "*Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het. 25. En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê: "Waarom het heidennasies te kere gegaan, en het volke sinlose planne beraam? 26. Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en teen sy Gesalfde.*"

27. “Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is, 28. en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en (wat U krag en plan) besluit het. 29. “*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. 30. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.*” 31. Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.


Elkeen van ons het op
verskillende manier
van gebed geleer

# ‘n Biddende kerk kyk en leef anders



# Hoe lyk ‘n biddende kerk?

Eengesindheid
Almal & saam
(24)



# Hoe lyk 'n biddende kerk?

Afhanklik - soos baba

Nie laaste uitweg

wel eerste reaksie

(24)



# Hoe lyk 'n biddende kerk?

Ken en gebruik Bybel in gebed (27)



# Hoe lyk ‘n biddende kerk?

Fokus nie net op eie behoeftes - wel God se plan (28)



# Hoe lyk ‘n biddende kerk?

Vertrou / verwagting (29) - ingsteldheid





# Hoe kyk ‘n biddende kerk anders?

Vra nie dat probleem weggevat word nie, maar hoe om deur dit te werk.



# Hoe kyk 'n biddende kerk anders?

## Kyk deur God se krag en plan na omstandighede

Sien God se hand selfs in vyandigheid

Sien teenspoed nie as ondergang - deel

Fokus nie op menslike mag, maar God...



# Hoe kyk 'n biddende kerk anders?

Gebed verander ons perspektief

# Hoe leef ‘n biddende kerk anders?

Met moed & vrymoedigheid (31)



# Hoe leef ‘n biddende kerk anders?

Genesende harte op die uitkyk vir bevestiging... (30)



# Hoe leef ‘n biddende kerk anders?

‘n Biddende kerk is ‘n bewegende kerk




Tyd vir aksie…


‘n Biddende kerk kyk
en leef anders



# Lied 280: 1


Here, Redder,

groot en magtig,

U oorskou ons lewenspad.

In u liefde en genade

het U ook ons hand kom vat.



# L 280:1 (vervolg)

**Heer, u leiding bring bevryding**

**U het ook my hand kom vat.**

**U het ook my hand kom vat.**

# L 280:2

U, my Redder,

groot en magtig,

U het my ook raakgesien.

Ek is feilbaar, swak, onseker,

tog wil ek U dankbaar dien.

# L 280:2

God, my Here – u is Here!

Vas kan ek op U vertrou,

vas kan ek op U vertrou.


‘n Biddende kerk kyk
en leef anders